



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB

ABROAD 30c BUITELANDS

POST FREE · POSVRY

VOL. 168]

CAPE TOWN, 1 JUNE 1979

[No. 6475

KAAPSTAD, 1 JUNIE 1979

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1170

1 June 1979.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 55 of 1979: Liquor Amendment Act, 1979.

No. 1170.

1 Junie 1979.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 55 van 1979: Drankwysigingswet, 1979.

Act No. 55, 1979

LIQUOR AMENDMENT ACT, 1979.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

 Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the provisions of the Liquor Act, 1977, so as to determine in greater detail the duty of notifying certain local authorities of applications for certain special authorities; to provide for the grant of wine farmers' licences to certain associations of persons; to empower the Minister to suspend conditions or restrictions pertaining or attached to or determined in respect of licences or special authorities; and to provide for the grant of grocers' wine licences also to the holders of liquor store licences and of authorities referred to in section 87 (1) (a); and to provide for incidental matters.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 21 May 1979.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of
section 23 of
Act 87 of 1977,
as amended by
section 1 of
Act 82 of 1978.

1. Section 23 of the Liquor Act, 1977 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for 5 paragraph (a) of subsection (6) of the following paragraph:

“(a) No application for a special authority referred to in subsection (1) **[shall be granted]** in respect of premises situate in an area under the control of an urban local authority **[unless the Minister is satisfied]** shall 10 be considered by the Board as contemplated in subsection (11) unless the applicant has adduced proof to the satisfaction of the Board that a copy of such application has been transmitted by him to such local authority.”.

Repeal of
section 30 of
Act 87 of 1977.

2. Section 30 of the principal Act is hereby repealed. 15

Amendment of
section 31 of
Act 87 of 1977.

3. (1) Section 31 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

“(a) granted or transferred to a person who is engaged in viticulture or to an association of persons the majority of the members of which are engaged in viticulture; and”.

(2) Any wine farmer's licence granted or transferred to an association of persons before the commencement of this Act and which could have been granted or transferred to that association of persons in terms of section 31 of the principal Act as amended by this Act, shall be deemed to have been granted or transferred in 25 terms of the said section as so amended.

DRANKWYSIGINGSWET, 1979.

Wet No. 55, 1979

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die bepalings van die Drankwet, 1977, ten einde die verpligting om aan sekere plaaslike besture kennis te gee van aansoeke om sekere spesiale magtigings, nader te bepaal; vir die verlening van wynboerlisensies aan sekere verenigings van persone voorsiening te maak; die Minister te magtig om voorwaardes of beperkings wat betrekking het op of verbonde is aan of bepaal is ten opsigte van lisensies of spesiale magtigings, op te skort; en vir die verlening van kruideniers-wynlisensies ook aan die houers van drankwinkellisensies en van magtigings bedoel in artikel 87 (1) (a), voorsiening te maak; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 21 Mei 1979.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 23 van die Drankwet, 1977 (hieronder die Hoofwet 5 genoem), word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (6) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(a) 'n Aansoek om 'n spesiale magtiging bedoel in subartikel (1) **[, word nie]** ten opsigte van 'n perseel geleë in 'n gebied onder die beheer van 'n stedelike plaaslike bestuur **[toegestaan nie, tensy die Minister oortuig is]** word nie soos in subartikel (11) beoog deur die Raad oorweeg nie tensy die aansoeker ten genoeg van die Raad bewys gelewer het dat hy 'n afskrif van daardie aansoek aan daardie plaaslike bestuur gestuur **[is] het.**”

Wysiging van artikel 23 van Wet 87 van 1977, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 82 van 1978.

2. Artikel 30 van die Hoofwet word hierby herroep.

Herroeping van artikel 30 van Wet 87 van 1977.

3. (1) Artikel 31 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

Wysiging van artikel 31 van Wet 87 van 1977.

- 20 „(a) verleen of oorgedra word aan iemand wat die wynbou beoefen of aan 'n vereniging van persone waarvan die meerderheid van die lede die wynbou beoefen; en”.

- (2) 'n Wynboerlisensie wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet aan 'n vereniging van persone verleen of oorgedra is en wat aan daardie vereniging van persone verleen of oorgedra 25 sou kon gewees het ingevolge artikel 31 van die Hoofwet soos gewysig deur hierdie Wet, word geag verleen of oorgedra te gewees het ingevolge genoemde artikel soos aldus gewysig.

Act No. 55, 1979

LIQUOR AMENDMENT ACT, 1979.

Amendment of
section 34 of
Act 87 of 1977.

4. Section 34 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) No liquor store licence and no grocer's wine licence applied for by the holder of a liquor store licence shall be granted in respect of premises situate at any place within a rural area, and **[no]** neither such licence shall be removed from an urban area to a rural area.”.

Amendment of
section 35 of
Act 87 of 1977.

5. Section 35 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (d) of subsection (1) of the following paragraph:

“(d) a grocer's wine licence, in respect of premises upon which **[the licensee]** any person lawfully carries on the business of a general dealer and any other business specially authorized by the competent authority;”.

Amendment of
section 40 of
Act 87 of 1977.

6. Section 40 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) No application made to the Minister for a licence or a special authority shall be considered at a special meeting convened under section 10 (1) for the consideration thereof unless there is paid to the magistrate, in addition to any amount payable in terms of subsection (1) (a), the amount referred to in subsection (1) (c).”.

Amendment of
section 43 of
Act 87 of 1977,
as amended by
section 3 of
Act 82 of 1978.

7. Section 43 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) A right, privilege, condition or restriction pertaining or attached to, or determined in respect of, any licence or special authority, shall be and remain of force and effect until the licence or special authority in question lapses and becomes null and void under subsection (2) or is cancelled under this Act: Provided that the Minister or any person acting under his directions may, on the application of any licensee or holder of a special authority and on good cause shown, suspend, for such period as he may deem fit, any condition or restriction pertaining or attached to or determined in respect of the licence or special authority in question, excluding a condition or restriction which that licence or special authority is subject to by virtue of the provisions of section 53 (1).”.

Substitution of
section 146 of
Act 87 of 1977.

8. The following section is hereby substituted for section 146 of the principal Act:

146. It shall be a special condition of a grocer's wine licence—
(a) that the licensee shall at all times—
(i) hold a general dealer's licence in respect of his premises to deal in groceries and foodstuffs under the provisions of any law; or
(ii) hold a liquor store licence and carry on business thereunder in the district in which business is carried on by him under his grocer's wine licence; or
(iii) hold an authority granted to him under section 87 (1) (a) and carry on business in terms of such authority,
and that there shall at all times be carried on a bona fide business of selling groceries and foodstuffs on the premises in respect of which the grocer's wine licence has been granted;
(b) granted to the holder of an authority referred to in section 87 (1) (a), that the licensed premises

DRANKWYSIGINGSWET, 1979.

Wet No. 55, 1979

4. Artikel 34 van die Hoofwet word hierby gewysig deur Wysiging van subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang: artikel 34 van Wet 87 van 1977.
- 5 „(5) **['n] Geen drankwinkellisensie en geen kruideniers-wynlisensie** waarom deur die houer van 'n drankwinkellisensie aansoek gedoen word, mag **[nie]** ten opsigte van 'n perseel geleë op 'n plek op die platteland verleen word nie, en **['n] geeneen van sodanige [lisensie] lisensies** mag **[nie]** van 'n stadsgebied na die platteland verplaas word nie.”.
- 10 5. Artikel 35 van die Hoofwet word hierby gewysig deur Wysiging van paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: artikel 35 van Wet 87 van 1977.
- 15 „(d) 'n kruideniers-wynlisensie, ten opsigte van 'n perseel waarop **[die lisensiehouer]** iemand wettiglik sake doen as 'n algemene handelaar en enige ander sake doen wat die bevoegde gesag in die besonder gemagtig het;”.
- 20 6. Artikel 40 van die Hoofwet word hierby gewysig deur Wysiging van subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: artikel 40 van Wet 87 van 1977.
- 20 „(2) 'n Aansoek om 'n lisensie of 'n spesiale magtiging wat by die Minister gedoen is, word nie op 'n spesiale vergadering wat kragtens artikel 10 (1) vir die oorweging daarvan belê is, oorweeg nie tensy daar aan die landdros, benewens 'n bedrag betaalbaar ingevolge subartikel (1) (a) die bedrag bedoel in subartikel (1) (c) betaal word **[nie]**.”.
- 25 7. Artikel 43 van die Hoofwet word hierby gewysig deur Wysiging van subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang: artikel 43 van Wet 87 van 1977, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 82 van 1978.
- 30 „(3) 'n Reg, voorreg, voorwaarde of beperking wat betrekking het op, of verbonde is aan, of bepaal is ten opsigte van, 'n lisensie of spesiale magtiging, is en bly van krag totdat die betrokke lisensie of spesiale magtiging kragtens subartikel (2) verval en ongeldig word of kragtens hierdie Wet ingetrek word: Met dien verstande dat die Minister of
- 35 iemand wat op sy gesag handel, op aansoek deur 'n lisensiehouer of houer van 'n spesiale magtiging, en by aanvoering van gegronde redes, 'n voorwaarde of beperking wat betrekking het op of verbonde is aan of bepaal is ten opsigte van die betrokke lisensie of spesiale magtiging, uitgesonderd 'n voorwaarde of beperking waaraan daardie lisensie of spesiale magtiging uit hoofde van die bepalings van artikel
- 40 53 (1) onderworpe is, kan opskort vir die tydperk wat hy goedvind.”.
8. Artikel 146 van die Hoofwet word hierby deur die volgende Vervanging van artikel 146 van Wet 87 van 1977.
- 45 „Besondere voorwaardes van kruideniers-wynlisensies.
- 50 **146. Dit is 'n besondere voorwaarde van 'n kruideniers-wynlisensie—**
- 55 (a) dat die lisensiehouer te alle tye—
- (i) 'n algemene handelaarslisensie ten opsigte van sy perseel moet hou om met kruideniers- en eetware handel te dryf kragtens die bepalings van die een of ander wet; of
- (ii) 'n drankwinkellisensie moet hou en sake daarkragtens moet doen in die distrik waarin sake kragtens sy kruideniers-wynlisensie deur hom gedoen word; of
- (iii) 'n magtiging moet hou wat kragtens artikel 87 (1) (a) aan hom verleen is en sake ingevolge daardie magtiging moet doen,
- 60 en dat daar te alle tye 'n *bona fide*-saak vir die verkoop van kruideniers- en eetware op die perseel ten opsigte waarvan die kruideniers-wynlisensie verleen is, voortgesit word;
- (b) verleen aan die houer van 'n magtiging bedoel in artikel 87 (1) (a), dat die gelisensieerde perseel

Act No. 55, 1979

LIQUOR AMENDMENT ACT, 1979.

in which business is carried on under such
grocer's wine licence shall be situated—

- (i) in the case where the place in which
business is carried on in terms of such
authority is situated in an urban area, within
such urban area and within the district
within which that place is situated; or
- (ii) in the case where the place contemplated in
subparagraph (i) is situated in a rural area,
within the rural area and within the district
within which that place is situated.”

Short title.

9. This Act shall be called the Liquor Amendment Act, 1979.

DRANKWYSIGINGSWET, 1979.

Wet No. 55, 1979

waarin sake kragtens daardie kruideniers-
wynlisensie gedoen word, geleë moet wees—

5

(i) in die geval waar die plek waarin ingevolge
daardie magtiging sake gedoen word, geleë
is in 'n stadsgebied, in daardie stadsgebied
en in die distrik waarin daardie plek geleë
is; of

10

(ii) in die geval waar die plek beoog in
subparagraaf (i) op die platteland geleë is,
op die platteland en in die distrik waarin
daardie plek geleë is."

9. Hierdie Wet heet die Drankwysigingswet, 1979.

Kort titel.

Wet No. 22, 1979

DRANKWATERSWET, 1979

Wanneer 'n persoon 'n drankwater-
 verskaffingsreël betref, kan hy of sy
 (a) in die geval van die drinkwater-
 verskaffingsreël, 'n aansoek doen om
 'n aansoek om 'n aansoek om 'n aansoek
 in die drinkwater- verskaffingsreël
 of
 (b) in die geval van die drinkwater-
 verskaffingsreël, 'n aansoek doen om
 'n aansoek om 'n aansoek om 'n aansoek
 in die drinkwater- verskaffingsreël

2

10

Kontak

9. Hierdie Wet het die Drankwaterwet, 1979